# Die Heilsorde

Dr Hennie van Wyk

# 'N LOGIESE ONDERSKEIDING VAN DIE HEILSORDE IS:

(Hierdie orde is 'n geloofsorde)

**ROEPING**

Voor die skepping is jy uitverkies. Daarom roep God jou en skenk jou die

**WEDERGEBOORTE**

As wedergeborene skenk God aan jou

**GELOOF**

As gelowige besef jy jou sonde, en noodsaak

**BEKERING**

Wat tot gevolg het dat God jou verseker van Sy

**REGVERDIGMAKING**

As God jou regverdig maak, mag jy bewus word van Sy

**HEILIGMAKING**

Dit maak jou die sondeloos nie! Jy sondig elke dag! Jy moet elke dag stry teen die sonde met

**VOLHARDING**

Dit veroorsaak geloofsgroei

Geloof = ken, vertrou, doen.

Hoe meer jy jou ellende ken en die genade van God, noodsaak dit

Bekering. Afsterf van sonde, aanleer wat reg is

Dan hoor ek dat God sy kind

Regverdig maak

Daarom moet ek volhard in my stryd: ’n voortdurente harde werk aan

Geloofsgroei

Bekering

Regverdigmaking

Tot ek die goeie stryd gestry het, terugkeer na my Here en Verlosser, en deel in die

**HEERLIKMAKING**

1 Petrus 1:5: ja, vir julle wat, deur julle geloof, deur die krag van God bewaar word vir die verlossing wat gereed is om in die eindtyd geopenbaar te word.

Filippense 1:6: juis hiervan oortuig dat Hy, wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voltooi tot op die dag van Christus Jesus.

Johannes 10:28: Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal tot in ewigheid nooit verlore gaan nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.

Christus gee die ewige lewe

Christus werk geloof in die gelowige

Geloof gee krag aan die gelowige on staande te bly

(Kyk maar na Dawid, Petrus en jouself). Daarom:

Matteus 6:12: En vergeef ons ons skulde, soos ook ons hulle vergeef wat teenoor ons skuldig staan.
1 Johannes 1:8: As ons sê dat ons nie sonde het nie, mislei ons onsself, en is die waarheid nie in ons nie.
Lukas 22:31-32: “Simon, Simon! Kyk, Satan het daarop aangedring om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid, sodat jou geloof nie sal wankel nie. En wanneer jy eendag tot inkeer gekom het, moet jy jou broers versterk.”

Die Griekse werkwoord het ’n baie fyn aanduiding van presies waar en hoe dit plaasvind.
Hier het dit baie duidelik ’n voorgaande betekenis en nie ’n afgehandelde betekenis nie.

1 Johannes 3 (33/53)
6 Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie.

1 Johannes 3 (83)
6 Iemand wat in Hom bly, hou nie aan met sondig nie; iemand wat aanhou sondig, het Hom nie gesien nie en ken Hom nie.

1 Johannes 3 (2020)
6 Elkeen wat in Hom bly, sondig nie meer nie; elkeen wat aanhou sondig, het Hom nie gesien, en Hom nie leer ken nie.

Romeine 9:6:
Dit is nie asof die woord van God nou gefaal het nie. Want nie almal wat uit Israel afkomstig is, is die ware Israel nie.
1 Johannes 2:19: Hulle het uit ons geledere gekom, maar hulle was nie werklik deel van ons nie; want as hulle werklik deel van ons was, sou hulle by ons gebly het. Maar dit moes duidelik word dat nie een van hulle deel van ons is nie.
Johannes 15:5-6: Ek is die druiwestok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, hy dra baie vrug, want sonder My kan julle niks doen nie. As iemand nie in My bly nie, word hy soos 'n loot buite uitgegooi, en verdroog. Hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand.

Nie almal is gered nie

Optrede wys wie gered is

Wie nie volhard nie,
is verlore


Jy kan nie self besluit
om God te dien nie,
maar jy kan self besluit om
God nie te dien nie

Lukas 13:24: Beywer julle om by die smal deur in te gaan, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan, maar sal dit nie regkry nie.

1 Timoteus 6:12: Stry die goeie stryd van die geloof; gryp die ewige lewe aan, waartoe jy geroep is en waarvan jy die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het.

Filippense 3:12: Nie dat ek dit al verkry het of reeds volmaak is nie, maar ek streef daarna om dit my eie te maak, omdat Christus Jesus my reeds sy eie gemaak het.

Matteus 24:13: Wie egter volhard tot aan die einde, dié sal verlos word.




# Jy moet vashou!

God se genade

\+

Jou verantwoor-delikheid


**Wie dit nalaat, beland in die hel**



# Hou altyd vas aan God se genade

# +


# Jou verantwoor-delikheid



# Soms is God se genade meer

# +

# Jou verantwoordelikheid minder







# Soms is God se genade minder


# +

# Jou verantwoor-delikheid meer







# Hou altyd vas aan God se genade
# +
# Jou verantwoor-delikheid



# Los God se genade

# +

# Dink jy kan self klaarkom...







VERANTWOORDELIKHEID

# Los God se genade
# +
# Dink jy kan self klaarkom...

God se genade

Jou verant-woordelikheid




VOLHARDING

Dink jy leef net uit God se genade

+


hoef niks self te doen nie...



# Dink jy leef net uit God se genade

# +

# hoef niks self te doen nie...






KAN JY VOLHARD?

1 Petrus 1:5: ja, vir julle wat, deur julle geloof, deur die krag van God bewaar word vir die verlossing wat gereed is om in die eindtyd geopenbaar te word.

Johannes 6:37-40: Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My kom, en Ek sal die een wat na My kom, nooit verstoot nie; want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil uit te voer nie maar die wil van Hom wat My gestuur het. En dit is die wil van Hom wat My gestuur het: Dat Ek van almal wat Hy My gegee het, nie 'n enkele een verlore sal laat gaan nie, maar hulle op die laaste dag sal opwek. Want dit is die wil van my Vader: Dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo die ewige lewe sal hê, en Ek sal elkeen van hulle op die laaste dag laat opstaan.

Romeine 8:16: Die Gees self getuig teenoor ons gees dat ons kinders van God is.




VOLHARDING

2 Timoteus 4:7-8: Ek het die goeie stryd gestry, ek het die wedloop voltooi, ek het die geloof behou. Nou wag die oorwinningskrans van geregtigheid op my, wat die Here, die regverdige Regter, op daardie dag vir my sal gee – en nie net vir my nie, maar ook vir almal wat sy koms liefhet.

Volhard

Volhard

Volhard




God gee

# Heerlikmaking


# Besinning: Wat is die mens?

Evolusionis:




# Besinning: Wat is die mens?

Humanis:




# Besinning: Wat is die mens?

Gelowige:



# Besinning: Wat is die mens?


## Definisies:



# Besinning: Wat is die mens?

## Definisies:

Liggaam: Biologiese wese wat bevrug word, gebore word, asemhaal en sterf.



# Besinning: Wat is die mens?

## Definisies:

Liggaam: Biologiese wese wat bevrug word, gebore word, asemhaal en sterf.

Siel: Biologiese liggaam met denke en emosies.




# Besinning: Wat is die mens?

## Definisies:

Liggaam: Biologiese wese wat bevrug word, gebore word, asemhaal en sterf.


Siel: Biologiese liggaam plus denke en emosies.

Gees: Liggaam en siel plus "iets" wat kan glo in God.



Filippense 1:21-23: want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins. As ek in die lewe bly, kan ek voortgaan met vrugbare arbeid. Wat ek moet kies, weet ek nie. Ek is in 'n tweestryd: ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste

Filippense 3:21: Deur die krag waarmee Hy alles aan Homself onderwerp, sal Hy ons nederige liggame verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees.




HEERLIKMAKING

Openbaring 21:3-7: Toe het ek 'n harde stem van die troon af hoor sê: “Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God. Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan.”
Toe sê Hy wat op die troon sit: “Kyk, Ek maak alles nuut.”
En daarna sê Hy: “Skryf hierdie woorde op, want hulle is betroubaar en waar.”
Verder sê Hy vir my: “Dit het klaar gebeur. Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde. Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein met die water van die lewe, verniet.
7 Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit alles kry, en Ek sal sy God wees, en hy sal my seun wees.

God se woonplek

Mens se woonplek

Openbaring 21:3-7: Toe het ek 'n harde stem van die troon af hoor sê: “Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God. Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan.”

Toe sê Hy wat op die troon sit: “Kyk, Ek maak alles nuut.”

En daarna sê Hy: “Skryf hierdie woorde op, want hulle is betroubaar en waar.”

Verder sê Hy vir my: “Dit het klaar gebeur. Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde. Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein met die water van die lewe, verniet. 7 Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit alles kry, en Ek sal sy God wees, en hy sal my seun wees.

Nuwe aarde

Heidelbergse Kategismus So 22:

VRAAG EN ANTWOORD: 57.


Vraag: Watter troos gee die opstanding van die liggaam aan jou?

Antwoord: Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie, maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word.

VRAAG EN ANTWOORD: 58.

Vraag: Watter troos skep jy uit die artikel van die ewige lewe?

Antwoord: Dat, aangesien ek nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar, ek na hierdie lewe volkome saligheid sal besit - 'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekom het nie - om God daarin ewig te prys.




HEERLIKMAKING

Heidelbergse Kategismus So 22:

VRAAG EN ANTWOORD: 57.

Vraag: Watter troos gee die opstanding van die liggaam aan jou?

Antwoord: Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie, maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word.

VRAAG EN ANTWOORD: 58.

Vraag: Watter troos skep jy uit die artikel van die ewige lewe?

Antwoord: Dat, aangesien ek nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar, ek na hierdie lewe volkome saligheid sal besit - 'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekom het nie - om God daarin ewig te prys.




HEERLIKMAKING

**MET DIE HEERLIKMAKING ONTVANG JY DIE VOLLE WELDADE VAN GOD SE VERLOSSINGSWERK IN CHRISTUS.**

**ONS ONDERSKEI TWEE MOMENTE VAN ONS HEERLIKMAKING:**

**1. BY ONS STERWE**

**2. BY CHRISTUS SE WEDERKOMS**